## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM: Stad 16 Januarie 19h30**
**Kolping 19 Januarie 19h30**
**— Verhoudinge: 18 Februarie —**

**Boekgroep**
**Maandag 6 Februarie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail________________________ Sel________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 15 Januarie 2017

## CHOOSE LIFE

## LIED VAN HUNKERING

# STILTE IN DIE KAPEL

~ Soek Na Jou — Anna Davel ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

"Luister, daar kom die man wat ek liefhet! Hy spring oor die berge, hy wip oor die rante. Die man wat ek liefhet, maak soos 'n ribbok, soos 'n takboklam. Kyk, daar staan hy agter ons huis se muur, hy kyk by die venster in, hy loer deur die latwerk! Die man wat ek liefhet, praat, hy sê vir my: 'Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe! Kyk, die reëntyd is verby, die reën is oor, dis weg. Daar is bloeisels in die veld, dit het tyd geword om te sing; die tortelduif se stem klink oor ons land. Die voorvye kom al uit, die wingerde bot en versprei hulle geur. Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe! My duif in die klipskeure, in die skuilplek teen die krans, wys my jou gesig, laat hoor my jou stem. jou stem is strelend, jou gesig lieflik.' "Vang vir ons die jakkalse, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, ons wingerde wat al bot. "Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne. Hy laat sy skape tussen die lelies wei tot die aandwind begin waai en die skaduwees lank word. Kom terug, man wat ek liefhet, maak soos 'n ribbok, soos 'n takboklam op die Beterberge.

**— Hooglied 2:10-17 —**

*Die man wat ek liefhet, steek sy hand deur die opening,*
*en my hart word onstuimig oor hom. Ek staan op om oop te maak*
*vir die man wat ek liefhet terwyl my hande drup van die mirre,*
*terwyl die mirre van my vingers af afloop op die deur se knoppe.*
*Ek maak oop vir die man wat ek liefhet, maar die man wat ek liefhet,*
*het omgedraai en is weg! Ek was so opgewonde toe hy gepraat het!*
*Ek soek hom maar kry hom nie, ek roep hom maar hy antwoord nie.*

***— Hooglied 5:4-6 —***

*Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors,*
*soos die seëlring aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood,*
*die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur.*
*Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie.*
*Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal,*
*hy sal daaroor uitgelag word.*

***— Hooglied 8:6-7 —***

## Breathing the Breath of God

**Lied van Liedere —** "Do not spoil what you have by desiring what you have not; but remember that what you now have was once among the things you only hoped for." — *Epicurus*

Is love just a function of sexual desire? Is it something spiritual that transcends the body? Or is it somehow caught in between body and soul?

**Daar is geen paradoks tussen spirituele en sensuele liefde nie —** *Seksualiteit word nie gevind en ervaar net in 'n huwelik nie, net soos spiritualiteit nie net gevind en ervaar word in 'n kerk nie. Beide word wel die beste gedemonstreer en gemanifesteer om die altaar van kerk as liggaam*

**Daar is geen spanning tussen Bybelse erotiek en moraliteit nie —** *Keuses wat ons maak met geduld en die "**klein jakkalsies wat die wingerd verniel"** en die verstaan van erotiek as 'n refleksie van Lewe, Lig, en Liefde: die Heilige Drie-eenheid van seksuele en spirituele intimiteit*

**Daar is geen begrensing tussen die passie van die lyf en siel nie —** *Christians suffer from a misguided alienation from the body. Selfs Maria moet 'n maagd wees sodat ons God kan rantsoeneer tot nét die siel ... Enige vorm van 'separation' lei tot skuldgevoel en vrees (i.e ego-denke)*



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ L'OMBRE (DIE SKADUWEE) — DJIN ~

---

**hulle leer van nou af om 'liefhê' te verbuig in dialekte van lig**
**hulle leer om 'mededoë' te vertaal in reddende rededele**
**'onvoorwaardelik' vul hulle as voorsetsel in.**
**— Antjie Krog —**

*Dat ons leef omdat U leef is die eerste*
*van alles wat wonderlik is.*
*'n Wisselvloei is daar tussen U en ons.*
*U vloei in ons in en ons in U, en in U word*
*ons arme vog gesuiwer en vernuwe,*
*en ons self keer uit U terug in ons in*
*deur die membraan wat tyd en wêreld is.*
*Membraan of illusie, so dun is dit, so nie,*
*so nêrens vir u begenadigdes —*
*dankie dat ons wat onsself versteek vir ons naastes*
*gans oop is vir U en U oop.*
*Dankie vir die gladder as asemhaling heen en weer*
*tussen U en ons; dat tyd en ewigheid*
*mekaar deurdring, nie twee is nie maar een.*
*Dankie God, vir dié wonder, waarin die harde seer*
*wat wêreld is, sagter as asem oplos en verdwyn.*

*(Gebed vir dié in die wêreld — Sheila Cussons)*

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ OM TE VERDAAG — CHRIS CHAMELEON ~